Maart 2010 · Tel 021 957 7204 · P/sak X8 Bellville 7535 · www.kga.org.za

die Getuie the Witness

Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) Familie van die NG Kerke in die Kaap-streek
Commission for Witness (CFW) Family of DR Churches in the Cape Region

Mangani John knowing there is a God!

Mangani receiving his own Bible

Walking in the light of God

After retiring from nursing in South Africa in 2005, Maralise Potgieter was appointed as a senior nursing sister at Nkhoma Hospital in Malawi in 2006 by the CFW, supported by her local congregation, the Methodist Church in Durbanville. She shares the following story with us:

"I nursed Mangani John, a 36 year old Malawian man in 2006, after having an amputation of his right lower leg. He had a wound on his foot that would not heal and the doctor decided that, for his own health, it would be better to do a below knee amputation with his consent. His general health improved after the amputation and he was discharged. The doctor warned him if he carried on smoking he could loose his other leg too.

"On 17 March 2009 I saw Mangani in the medical ward. He was really very thin and in lots of pain. He had gangrene of the toes on the left foot. He agreed to have a Simms amputation of the left foot and was then transferred to the surgical ward where I once again nursed him. This wound did not heal either and with lots of prayer and support he agreed to have a below knee amputation of the left leg. That was done on 21 May 2009.

"In spite of being a Moslem, Mangani chose to be treated in a Christian hospital. Here he heard the Word of God every day and was treated with love and care. I told him that I would find a donor for funds so that he could walk again with two lower leg prostheses.

"We had arranged a wheelchair for him before discharge, and I visited him several times at his home village afterwards. On 7 November I went to fetch him at his home village, 33 km from Nkhoma so that he could have his prostheses fitted and learn to walk again.

"On 9 December I took Mangani back to his home village. Before leaving, the hospital chaplain handed him his own Bible. This was the first time he told us that, before he had his leg amputated, he decided that if there was a God he would be able to walk again. We praise God for His provision and care.

"After buying fertilizer I gave him a copy of how to farm God's way. He is now able to support his family."

Mielie-koppe na God se hart - FARMING GOD'S WAY

Die nou reeds bekende *Farming God's Way*, wat in Zimbabwe ontwikkel is, wen vinnig veld as die beste verbouingsmetode van grondbewaring vir kleinboere in Afrika waarvan ons weet.

Die metode maak gebruik van minimum grondbewerking en goeie organiese bedekking. Dit is op vier beginsels gebaseer, naamlik om betyds te plant, die regte standaard (hoeveelheid en spasiëring) toe te pas, sonder vermorsing te werk en om dit met vreugde te doen. Daar word weggedoen met die op-eg-walletjie-metode wat eintlik baie tot gronderosie bydra. Slegs plantgate word in rye gemaak. Kunsmis word baie beter benut en die metode lei tot 'n aansienlike toename in oeste, selfs onder droër as normale toestande. *(Vervolg op bl 2)*

Links is mnr. Malavira by die landjie wat volgens *Farming God's Way* bewerk is en regs is Hennie Smit by 'n landjie wat op die ou manier bewerk is.

Redaksioneel/Editorial

Vennootskappe neem ons getuienis vorentoe
Partnerships advance our witness

Braam Hanekom, moderator van die NG Kerk en Lukas Plaatjie, moderator van die VG Kerk saam in 'n bwato langs die Malawi-meer.

Hierdie uitgawe van *Die Getuie* in jou hand is vol stories wat vertel van die Here se goedheid. Dit bemoedig en gee hoop! Ons is duidelik in 'n seisoen van positiewe handevat, van netwerke bou, van saam maak, van vennootskapsvorming. Die KGA vertrou dat hierdie uitgawe van ons nuusbrief baie harte sal warm maak en sal aanspoor tot diens en getuienis, saam met en vir andere. Ons weet egter agter elke praktiese daad van liefde en deernis, staan 'n skare geloofsgenote wat bid en meeleef. Ons dra hierdie uitgawe op aan al ons getroue voorgangers, ons senior jukgenote. In julle toewyding, gebede en omgee, beleef ons die voortgaande goedheid van ons Verbondsgod.

This edition of *The Witness* in your hand is filled with stories that reveal the Lord's goodness. It encourages and gives hope! We are clearly in a season for the taking of hands, of building networks, of working together, of establishing and growing partnerships. The CFW trusts that this edition of our newsletter will warm your hearts and energise you for service and witness, with and for others. We know that behind each practical deed of love and compassion there is a host of faithful people who pray. We dedicate this edition to all our trustworthy predecessors, our senior co-workers. In your dedication, prayers and compassion we experience the continuous goodness of our Covenant God.

Johan Botha

Direkteur/Director
Kommissie vir Getuienisaksie/
Commission for Witness

"Partnership" – the name for an important game

"We were blessed at the 2009 AGM of the UMSW of the DRC Family," says Johan Botha.

"Forty of us, representing different churches and locations, commission members of the national UMSW (United Ministry for Service and Witness of the DRC Family) across South Africa, moderators of churches, general secretaries, university professors and mission body representatives assembled from all across Africa in Kemptonpark on 9 - 11 September 2009. All of us came to learn about the sense, meaning, skills and application of partnership in the context of service and witness, the church's mission.

"Our very able adult tutor, John Rogers from the United Kingdom, facilitated an interactive process that simply energised us all. Horizons were broadened dramatically while we learnt what our own personality characteristics are and how these may fit into a team, or partnership. John and his assistants explained the different team roles to us.

Partners in and from Africa

"We were given opportunities to play these roles and through hilarious moments of interaction and much laughter we all realised how we interestingly differ from one another and how much we needed and can enrich each other and the team. We also realised how each package of characteristics can either ideally enhance or can indeed frustrate and destroy the quality of existing or growing partnerships.

"We should really do this thing annually please," Christopher Munikwa of Zimbabwe and Geoffrey Songok of Kenia pleaded.

"We do need each other's help to develop healthy partnerships," the members of the workshop decided.

"I thought you are a bunch of church leaders and expected fireworks and a very difficult time. I was really surprised by your depth of knowledge, your ability to apply the heart throb of Christ's Gospel and that you could build quality relationships with each other with relative ease. You are a blessed group indeed," John concluded.

Farming God's Way *(vervolg van bl. 1)*

Verhoogde oeste beteken natuurlik beter voedselsekuriteit, met 'n afname in die gepaardgaande siektetoestande. Hierdie bevindinge word ook bevestig deur navorsing wat in Suid-Afrika by die Cedara-navorsingstasie gedoen is.

Hennie Smit bevorder die metode aktief op Nkhoma in Malawi deur sy eie proeflandjie en 'n hele paar mense in die omgewing wat die metode reeds gebruik. Hy beoog om die voorligting daarvan aansienlik uit te brei hierdie jaar.

Volgens Hennie is dit vanjaar 'n droë jaar in Malawi en lyk die mielies op die demonstrasie-landjie, ten spyte van die laat reëns, opvallend groot en sterk in vergelyking met baie ander lande waar daar nog tradisioneel geboer word.

Die werkers op die perseel vertel dat daar steeds meer van die plaaslike kleinboere is wat langs die pad stop, kyk en meer wil weet, met die voorneme "ek wil dit ook gaan probeer".

(Besoek gerus die webwerf
www.farming-gods-way.org)

He ain't heavy, he's my brother!

"Dis ons mense. Dis ons kerk. Ons kan, gaan en wil nie sonder mekaar die toekoms binne die konteks van Afrika ingaan nie."

So voel die groep wat in Oktober verlede jaar besoek gebring het aan die NG Kerkfamilie se vennootskapskerke in Malawi en Mosambiek. Die besoek is geïnisieer deur die KGA wat die moderature van die NG Kerkfamilie uitgenooi het om die KMAP of CCAP (Church of Central Africa Presbyterian) in Malawi, en die IRM (Igreja Reformada em Mozambique) in Mosambiek te besoek.

"Ons eerste ontmoeting was met die Teologiese Skool op Nkhoma (Josophat Mwale Theological Institute). Daarna is ons na Vila Ulongue in Mosambiek, waar ons eers met die moderatuur van die Mphatso-sinode gesprek gevoer het en toe die volgende dag met die dosente van Hefsiba, waar teologiese opleiding in Portugees plaasvind.

"Hiervandaan is ons via Blantyre na Milange in Mosambiek. Hier is ons (soos orals) gul en vriendelik ontvang en het ons op die Sondag ook die voorreg gehad om verskeie eredienste by te woon. Die samesprekings met die moderatuur van die Tumbini-sinode was uiters leersaam. 'n Mens was diep getref deur die toewyding en teologiese diepte van die kerkleiding.

"Daarvandaan het ons die Blantyre-sinode van die CCAP besoek waar daar indringend gepraat is oor die NG Kerk se probleme rondom vereniging, sowel as die uitdagings in die CCAP om die eenheid tussen hulle vyf sinodes te handhaaf. Daarna het ons Zomba besoek waar hulle predikante opgelei word.

"Terug in Lilongwe het ons diep onder die indruk van die dramatiese groei van die CCAP in dié stad gekom. Ons kon, benewens die baie insiggewende samesprekings met die moderatuur van die CCAP Nkhoma, die laaste Sondag ook van die eredienste bywoon wat in beide Engels en Chichewa gehou is.

"Ons is saam die Here s'n en ons liefde vir mekaar maak ons verantwoordelik vir mekaar. Hierdie verantwoordelikheid vir mekaar kom prakties tot uitdrukking in dade, in aksies, in programme, in projekte, in sigbare en tasbare wedersydse ondersteuning.

"*He ain't heavy, he's my brother!* Hierdie hartstogtelike versugting van die lied uit die sestiger jare deur die Hollies word op 'n manier die versugting van die Christelike geloof wanneer ons uit 'n verskeidenheid van kontekste met 'n Godgegewe toegeneentheid aan mekaar raak en weet: Ons wil nie sonder mekaar in Afrika klaarkom nie. Dis 'n Vader-hartsverbintenis. "

('n Verkorting van Ben du Toit se nadenke oor sy besoek as deel van die span.)

Ds. Lukas Plaatjie, moderator van die VGK in gesprek met ds. Nelis Janse van Rensburg, skriba van die NGK-sinode. In die agtergrond is v.l.n.r. Aaron Muswubi, Edward Thaane, Franziska Andrag-Meyer en voor langs Nelis, Victor Pillay vise-moderator van die RCA.

Braam Hanekom, moderator van die NG Kerk by 'n gesin in Mosambiek. Hy deel sy ervaring met die vennootskapskerke as volg:

"`n Paar indrukke het my bygebly :

- Die wonder van God se voorsiening en onderhouding oor soveel dekades ten opsigte van sy kerk in Afrika.
- Die ywer en opoffering van vroeëre sendelinge was enorm, maar beslis nie tevergeefs nie – vandag is daar 'n florerende inheemse kerk in Afrika.
- Die wedersydse verryking wat daar vir ons almal in die vennootskappe lê.
- Die voorreg om dit vandag saam met die VGK en RCA te kan doen en te kan beleef.
- Die wonder van verhoudinge wat groei wanneer daar 'n gedeelde en gesamentlike visie op die tafel is.
- Die enorme uitdagings wat Afrika steeds in die gesig staar (o.a. ekonomies, ekologies en geestelik), maar ook die roeping om saam met ander dit aan te pak. Ons kan en wil dit nie meer alleen doen nie.
- Die paradoksale skoonheid en stukkendheid van Afrika – so ook die warmte en menslikheid van die mede-gelowiges wat ons daar ontmoet het.
- Die opofferinge wat geestelike leiers tans daar maak om die evangelie te bring, asook hul passie en ywer.
- Die rol wat gebed steeds in daardie kerke speel ..."

Ben du Toit en Edward Thaane op besoek in Malawi.

Partnerships – an eye opener

"I was one of the privileged moderature members who went to Malawi and Mozambique with the CFW facilitators to get a first hand information experience about the work which was and is done by the men and women of God in other parts of Africa.

"It was really an eye opener to see the dedication and passion they have for the mission work, in order that the people of God in these countries can see and witness the powerful work of the living God through them. They left an unforgettable legacy in the name of mission work from which most of the people in these places are still benefiting. It is of great importance that the following generations nurture and preserve this legacy.

"Therefore it needs a good, strong partnership. The existing partnerships of the DRC family regarding Malawi and Mozambique already demonstrate that there is a lot that we can learn from one another – I realised that we need each other as Christians in Africa.

"This one and other partnerships can also play an important role in our church unity because we plan, visualise and strategise together for the sake of the Kingdom and humanity. The brothers and sisters of these countries can feel empowered and dignified that we work in unity with them. We can work in partnership to fight poverty, human trafficking and injustices. I pray that the existing partnership may be a witness of the unity and power of the True God. "

Edward Thaane *(Member of the moderature of the URC Cape Synod)*

Industrial Ministry –

an ecumenical partnership

Industrial Ministry in SA was founded in the 1880's as a Ministry for Railway Workers. Currently the ministry operates in six provinces. In the Western and Southern Cape we are extremely privileged to have 26 full-time and part-time personnel and more than 300 volunteers involved. Some serve in the local IMSA management, but most of them minister to people's spiritual, social and material needs in and around the world of work on a daily basis.

In order to meet the needs of people at work, IMSA representatives support Christians to work faithfully, to establish and maintain Christian values and virtues in their work and in their workplaces and we promote and facilitate justice and reconciliation in the context.

IMSA board and regional members at the National Conference

At our National Conference for the regions, held in Bellville on 24-26 February 2010, the representatives were really energised by some new faces who joined IMSA in the last 18 months. They were also pleasantly surprised and heartened by what currently develop as IMSA programs and material to serve the needs of people who work and of those who are unemployed.

We experience these new developments to proclaim the Gospel at work, to assist employees, to assist those who lost their jobs, to help assess the levels of morality at the workplaces of people and the programs for congregational equipment and involvement (e.g. L.10.T.), in partnership with others, as *good news*. The developed programs and material will be branded and packaged as IMSA's service and assistance to the world of work. For us these are special blessings from the Lord on this seasoned ministry. This development comes in very trying times for Christians involved in industry, in commerce, in the service sector, in government, in the economy, working in and from home and for those without jobs.

Please pray that the Lord's blessings will multiply on this important Christian outreach.

Carin Brink – Streekbestuurder: Arbeidsbediening Wes-en Suid-Kaap deel graag die volgende storie met ons:

'n Engel langs die hospitaalbed

Ds. Frikkie Coetzee, predikant van die NG Kerk La Rochelle, se dogter Andreia, was in Februarie 2009 in Panorama Hospitaal se pediatriese saal ernstig siek met multi-orgaanversaking en septisemia.

Een Donderdagmiddag het die dokters vir hom en sy vrou begin voorberei daarop dat Andreia dit dalk nie sal maak nie. Die dokters kon niks meer vir haar doen nie. Die Coetzees het onmiddellik 'n "bulk-SMS" uitgestuur om te vra vir ernstige voorbidding vir Andreia. Hierna kon hulle net wag op 'n wonderwerk.

Een van die saalpersoneel het daagliks vir die Coetzee-gesin kos gebring, en hulle gegroet met die vriendelike en liefdevolle glimlag van 'n engel. Haar naam was Brenda.

Daardie middag, toe Frikkie en sy gesin so verslae by Andreia se bed sit, kom Brenda hulle groet. Volgens Frikkie het sy op daardie oomblik hulle nood raakgesien. Sy vrou, Rayline, het vir Brenda gevra om asseblief vir hulle te bid. Brenda was op die punt om uit te stap, toe sy omdraai en vra of sy sommer nóú kan bid. Sy het hulle hande gevat en vir hulle en Andreia gebid.

"Op daardie oomblik het ons bewus geraak daarvan dat die Here op 'n besondere manier by ons was, en deur hierdie vreemdeling se roerende gebed, het ons sy aanraking beleef." Dit was Lukas 10 Transformasie (L.10.T. – lees in kolom langsaan) in aksie!

Maandag, toe Brenda weer aan diens was, sien sy dat Andreia nog leef en ontslaan word! Toe Rayline haar bedank vir haar gebed, het Brenda vertel dat dit die eerste keer was dat sy so vir iemand in haar werkplek gebid het. Maar, het sy gesê, sy was maar net op daardie oomblik gehoorsaam aan die Gees van die Here.

ARBEIDSBEDIENING beklemtoon dat ons almal die evangelie van Jesus se liefde en omgee aan mense kan bedien binne ons post-moderne, polities-korrekte samelewing. Die Goeie Nuus oor die L.10.T.-benadering is dat ALMAL dit kan doen en uitleef – vanaf drie tot 'n 100 jaar oud. Dit is maklik en die Here gebruik dit.

Dit is 'n evangeliesasiestyl waarmee ons, wat dit gebruik, op 'n nuwe lewenstyl van diensbaarheid fokus; 'n bereidheid om te luister en te dien, eerder as om voor te skryf en te oortuig.

L.10.T. in aksie in Kalkbaai

Vir meer inligting oor L.10.T. kan u gerus vir Sakkie Botha, bestuurder van IMPAK ("Industrial Ministry" Pro-aktief in Kaapstad), kontak by 021-919 2533 / 083 655 4728.

Eeufees in Mosambiek!

Een van die hoogtepunte op die kerkkalender van die Gereformeerde Kerk in Mosambiek (IRM) van 2008 was die Eeufeesvieringe wat plaasgevind het vanaf 3 – 6 Julie.

Ds. Andrew George Murray van die NG Kerk het 'n honderd jaar gelede Malawi verlaat en hom in Mosambiek kom vestig. Dit was in 1908 dat hy en William H. Murray Mphatso gekies het as die eerste sendingstasie van die kerk in Mosambiek. Inheemse evangeliste uit Malawi het ook gekom om te help evangeliseer onder die Angoni's, 'n groep Zulu's wat in die dae van koning Tshaka na hierdie uithoek van die wêreld gevlug het. Reeds in 1910 word die eerste drie volwassenes gedoop en groei die kerk bestendig.

Hier tussen 1915 en 1922 neem dinge egter 'n lelike wending onder die Portuguese koloniale regering en in 1922 word die sendelinge finaal uit die land gesit en kom al die sendingstasies wat intussen ontstaan het tot 'n ontydige halt. In 'n emosie-belaaide diens groet ds. Andrew George Murray vir oulaas sy gemeente in Desember 1922 met die volgende woorde: "Ek laat julle die Woord van God, as julle dié lief het en volg, sal die Here julle bewaar en julle Herder wees."

Die kerk moes aangaan sonder leierskapkorps vir meer as 'n halwe eeu. Maar God is getrou en 'n nuwe leierskap ontstaan in die vorm van ouderlinge wat onder groot geheimhouding getrou voortgaan met Woord-verkondiging en kerk-organisering. Baie lidmate gaan met vrees en bewing na Malawi vir verdere kategese en om gedoop te word. Vergaderings vind snags plaas. Die sogenaamde "Groep van Nege" en die "Groep van Tien" neem nou die beheer van die kerk oor. In 1977 word 'n sinodale kommissie gekies met ds. Petrus Tembo, die swart sendeling van Suid-Afrika, as voorsitter.

Aangrypend was dit op die Eeufeesviering toe sommige van hierdie oorlewendes onder 'n erewag van Zulu-skilde met trom-begeleiding, die aanwesige feesgangers triomfantelik gegroet het. Dit was ook vir almal 'n groot vreugde dat ds. Kobus Minnaar, een van die legendariese pionier-sendelinge, die verrigtinge kon bywoon en die brandende fakkel wat die evangelie voorstel in 'n aangrypende seremonie aan ds. Atenasio Erasmo Masina, die moderator van die Algemene sinode van die IRM, kon oorhandig. Tydens sy toespraak het ds. Minnaar hulde gebring aan veral ds. Pieter Botha wat beskou word as die groot visionêr van die IRM-kerk. Dit was wonderlik om sy weduwee, mev. Janet Botha ook hier te kon hê.

Dr. Braam Hanekom, moderator van die Wes-Kaap NGK-sinode, dr. Kobus Odendaal, van die Getuieniskommissie van die NGK-familie van die Wes- en Suid-Kaap, dr. Martin Pauw die vorige sending-sekretaris, ds. Lukas Plaatjie, vise-moderator van die Wes-Kaap-sinode van die VGK, en andere, het die Saterdag die geleentheid gehad om kort groeteboodskappe oor te dra.

Die goewerneur van die Tête-provinsie het die laaste woord gehad en die kerk geloof vir sy bydrae tot die opbou van die mense in Mosambiek. "Sonder die hulp van die kerk kan ons as die staat nie die armoede-vraagstuk aanspreek nie, maar ook nie die MIV/Vigs-pandemie nie en ook nie die morele vraagstukke nie – ons het julle nodig – gaan voort met julle goeie werk – die tyd is min – nie een van ons gaan nog hier wees om die volgende eeufeesverrigtinge by te woon nie!"

('n Verkorte weergawe van Kruger du Preez se nuusbrief van Julie 2008.)

Zim-vennote

'n Toenemende aantal gemeentes, organisasies en individue in Suid-Afrika het die afgelope dekade belangstelling getoon in die werk van die Here wat op Morgenster-sendingstasie gedoen word. Sommige het uitreike hierheen gereël, ander het noodvoorrade bymekaargemaak en gestuur, ander het geldelike hulp hierheen gekanaliseer en ander het voorbidding gedoen n.a.v. die maandelikse nuusbrief.

Om in die toekoms al hierdie positiewe insette op 'n volhoubare wyse te koördineer, en terselfdertyd die belangstelling en betrokkenheid op 'n hoë vlak te behou, het dit nodig geword om koppe bymekaar te sit en te beplan vir die vestiging van 'n **vennootskap** van belangstellendes.

Daar is beplan om in Maart hierdie jaar vergaderings in die Kaap en een in die noorde van Suid-Afrika te hou. Indien jy dit gemis het en graag deel van hierdie inisiatief wil wees, kan jy gerus vir Henry Murray van Morgenster kontak by **hensan11@gmail.com** of Kobus Odendaal van die KGA by **missio@kaapkerk.co.za**.



Redding en Genesing op Wiele

As jy op 'n Maandag, Woensdag of Vrydag op Vila Ulongue in Mosambiek aankom, sal jy vroeg reeds die Mobiele Kliniek sien wat ingepak word om die dag se besoeke te gaan bring.

Die nuwe voertuig, wat deur die Vrouediens en 'n groep uit Kanada en Holland moontlik gemaak is, is baie bedrywig. Die plakkers op die deur en neus van die voertuig getuig in Portugeus en Chichewa "God is lief vir jou, Jesus red en genees." Aan weerskante van die voertuig staan daar ook "Geskenk deur Christene van Kanada, Suid-Afrika en Holland." Almal was so dankbaar toe die nuwe voertuig daar aankom, want dit bring lewe en genesing na baie afgeleë areas.

Pascual Cumbane is in beheer van die Mobiele Kliniek en baie bekwaam. Hy handhaaf goeie menseverhoudinge, wat ook baie deure by die regering oopmaak. Hy skryf ten opsigte van Augustus se beplande Oog-uitreik: "I have been to the new Director of Opthalmology in Tête and he is very exited about our coming."

Pascual se span bestaan uit die volgende drie persone wat al 17 jaar by die projek betrokke is: **Daussi Nthenga** wat saam met Pascual werk. Hy was vir 'n jaar op Tête vir basiese verpleegopleiding en is van groot hulp vir Pascual. Hy doen ook al die statistieke vir die regering.

Fatima Jonasse woon ook nou aandskool by op Vila. Dit verg baie opoffering om die heeldag volstoom te werk en dan nog in die aand van 6 tot 11 in 'n klas te sit. Sy is tans besig met graad 8.

Lucrecia Avora Mario het graad 10 voltooi en beplan om ook na Tête te gaan vir Vroedvrou-opleiding. Dit sal wonderlik wees as sy dit kan voltooi, want dit is 'n groot probleem dat daar, nadat Helen Meyer afgetree het, nie tans 'n vroedvrou in die span is nie. Hierdie span gesondheidsorgwerkers word baie waardeer, omdat hulle altyd op hulle pos is. Die mense op die dorpies daag ook in groot getalle op as hulle weet die Mobiele Kliniek kom, omdat hulle weet – as die span laat weet het hulle kom, dan kóm hulle!

Die span weeg gemiddeld 2 300 kinders per maand en die inent-program is baie goed op datum. Hulle bring ook elke oggend 'n boodskap uit die Bybel aan die mense, wat dit andersins nooit sou hoor nie. Bid asseblief dat hierdie span werklik Jesus se liefde aan elke pasiënt met wie hulle werk, sal oordra.

... en so is die medisynekissie en die Bybel steeds deur al die jare dikwels die twee hande waarmee daar na ons naaste se behoeftes uitgereik word.

Indien u meer wil weet van werk wat gedoen word in Mosambiek, Malawi en Zimbabwe, kan u Kobus Odendaal gerus by missio@kaapkerk.co.za kontak.

Sokhanya - training leaders for Christ.

Sokhanya Bible School was founded in the Cape Peninsula in 1992. It was done in partnership with a group of leaders of a few African Independent Churches. A curriculum was developed, based on the content of the Bible.

Sokhanya's aim is to empower the different levels of leadership in congregations by guiding them to understand the Bible on a deeper level and how to use this knowledge responsibly.

The Bible is used as the only text book, and teaching methods for adults are used. All training is done in Xhosa in a cycle of three years. During this period the training focuses on the main contents of the Bible and the Christian faith.

Many leaders from different denominations of the mainstream churches, including the Catholics, a variety of Pentecostal groups and especially African Independent Churches, have done this program over many years.

Training is done in four different townships in the Cape Peninsula. Between 60 and 90 trainees, both male and female, old and young, attend these classes annually. This program can also be done as a correspondence course for people all over South Africa. Approximately a hundred students enroll for this option annually.

The Bible School functions independently and is managed by its students. Costs are kept low by using existing infrastructure. The school is also financially independent and uses mainly student fees for expenses. Most of the students are full time employees and therefore classes have to be taught in the evening. Public schools are used as venues in the different areas for this purpose.

Congregation members can become involved in Sokhanya by informing Xhosa speaking people of this course. Sokhanya also offers a variety of literature on the Bible and ministry in Xhosa.

The CFW supports this initiative whole heartedly and has seconded a lecturer to Sokhanya in the person of dr. Danie van Zyl.

You are most welcome to contact Danie at dcvzyl@gmail.com for more information.

Danie van Zyl lecturing in Khayelitsha.

Member Care Southern Africa - Versorging maak 'n verskil

"Die wind het gaan lê en die bootjie se seile hang slap. Agterlangs skep hulle water wat in die boot inlek, met 'n blikkie uit. 'n Paar uur later kom ons by die strand aan. Die luuksheid van 'n leertjie om van die boot af te klim, is daar nie. Dis afspring en halflyf deur die water uitstap na die strand."

Marina Prins vertel: "Dalk 'n ongewone manier van reis, maar in sommige gevalle is dit die enigste manier om by sendelinge uit te kom wanneer ons hulle besoek. Member Care Southern Africa se bediening is in 1999 gebore uit ons eie ondervinding as sendelinge in die veld, en dit wat die Here op ons harte gelê het. Vandag is die visie steeds dieselfde: om sendelinge te bedien en saam met stuurders 'n verskil in hulle versorging te maak. Daarom is ons leuse: **Serving through Caring**.

"Sendeling-wees is baie meer as net om geroep te wees en te gaan. Daar is harde realiteite: om ver te wees van familie en vriende, kinders wat in Suid-Afrika in die skool moet agterbly, jare se werk voordat daar 'n deurbraak kom en sendelinge wat geestelik en emosioneel uitbrand, wat ook in berekening gebring moet word.

Wat behels die bediening?

Marina Prins besoek die afgelope paar jare reeds sendelinge in Noord-Mosambiek en Malawi. Sy sê: "Om tyd te spandeer en te luister, is baie keer die belangrikste deel van die bediening. Versorging gaan oor veel meer as finansies. Vanaf verlede jaar is ons betrokke by 'n projek van die *Evangelical Association in Malawi*, waar ons 'n versorgingsmodel ontwikkel vir die versorging van die plaaslike Malawi-sendelinge. Marina is lid van MANI *(Movement for African National Initiatives)* en verteenwoordig Afrika op die *International Global Member Care Network*.

Marina by Malawi-sendelinge

"Tydens hulle tuisbesoeke, begelei ons sendelinge wat ons nader, om oor hul belewenisse te praat ("debriefing") en hul voor te berei om weer terug te gaan. Wanneer sendelinge permanent na Suid-Afrika terugkeer, vind hulle dit baie moeilik om aan te pas. Hier begelei ons hulle deur hul hertoetrede ("re-entry").

"Ons bied Sendelingversorgingswerks-winkels aan en gesels oor die uitdagings wat die sendelinge op die veld beleef. Ons gee praktiese riglyne oor hoe gemeentes doeltreffende versorging kan bied. Ons stap ook 'n verdere begeleidingspad met gemeentes om 'n volhoubare ondersteuning-struktuur vir hulle sendelinge daar te stel.

"Wanneer 'n gemeentelid skryf: 'Dankie, julle doen ongelooflike werk' en 'n sendeling na 'n besoek skryf: 'Ek moes net weer hoor ek is kosbaar vir God', vervaag slegte paaie en seilbootjie-ervarings en weet ons: Versorging maak 'n verskil!"

Vir datums van werksessies, of as u as gemeente ons dienste wil gebruik, kontak ons gerus by membercaremc@gmail.com of 021 854 6977.

Die Retiefs herinner ons – "die Here seën ons nageslagte!"

Dit was 'n heugelike dag toe vyf van oom Kotie Retief se kinders in Desember 2007 op Stilbaai bymekaar kon kuier. Oom Kotie is in 1909 georden en van toe af lewenslank in die Malawi-sending en meestal op Nkhoma werksaam. Charlotte het by die saamkuier 'n boekie gehad waarin sy alles opgeskryf het waaroor sy wou gesels. Louise en Murray kon nie meer so goed hoor nie, maar die samesyn was soet! Helen, Charlotte en Louise woon op Stilbaai en Marguerite, Murray en Tokkie woon in Pretoria.

V.l.n.r.: Helen Burger (81), vrou van wyle ds. Christie Burger, Charlotte Labuschagne (91), vrou van ds. Attie Labuschagne, Louise Hugo (98), vrou van wyle ds. Gawie Hugo, Marguerite Horn (93), vrou van wyle ds. Mike Horn en Murray Retief (95) met sy vrou Tokkie (92).

Goeie Hoop - ook vir my Moslem-vriende

Mense wat belangrike dienste lewer, word dikwels as vanselfsprekend aanvaar en ons kyk by hulle menswees verby. Onder bewind van die VOC aan die Kaap, het die Moslem-bannelinge van aansien die ruggraat van die Moslem-gemeenskap aan die Kaap gevorm. Christene het op daardie stadium dit nie as belangrik genoeg geag om vol te hou om die evangelie aan die Moslems oor te dra nie.

Projek Goeie Hoop is die voortsetting van die uitreiking na die Moslem-gemeenskap wat destyds deur ds. Jurie Goosen vanuit die NG Kerk Helderberg-gemeente begin is. Dit was destyds 'n gesamentlike projek van die Ring van die NG Kerk Somerset-Wes-gemeente. Van 2003 word hierdie fokus voortgesit onder die naam *Projek Goeie Hoop* vanuit die NG Kerk Suider-Strand-gemeente onder leiding van dr. Kobus Cilliers (verbonde aan OMS Internasionaal-organisasie).

Die fokus is om enersyds Christene toe te rus oor hoe om wys op te tree teenoor hulle Moslem-naaste en Christene met 'n Moslem-agtergrond effektief by te staan. Andersyds is dit om Jesus te deel met die Moslems na wie ons Hemelse Vader die toegerusdes lei. Die opsoek, versterking en dissipelskap van Christene vanuit 'n Moslem-agtergrond is van sleutelbelang. Die gereelde byeenbring van *Muslim Background Believers* (MBB's) is geleenthede waar Christene meer leer omtrent die behoeftes van MBB's en Islam as godsdiens.

Daar is 'n groep dames, wie se ouderdomme wissel van veertig tot sewentig, wat al oor 'n aantal jare goeie verhoudings opgebou het met Christene vanuit 'n Moslem-agtergrond asook met 'n aantal Moslem-vriendinne. Die mans (almal ouer as veertig) doen onder andere huis-tot-huis-besoeke in een van die woongebiede in die Helderberg-kom. Daar is 'n groot behoefte daaraan om veral ook jonger mense te bemagtig om met wysheid na hulle Moslem-medemense uit te reik.

Kobus skakel ook in by 'n groep sakemanne wat weekliks vergader sodat hy onder andere op 'n informele manier kan bydra tot hulle toerusting. Hy tree ook dikwels op uitnodiging in verskeie gemeentes in die Wes-Kaap op, en doseer (ook op uitnodiging) 'n module aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch oor die drie wêreldgodsdienste, Islam, Hinduïsme en Boeddhisme.

Besoek word gebring aan Christene met 'n Moslem-agtergrond.

Indien u graag by die bediening van die Evangelie aan Moslems betrokke wil raak, kan u Kobus Celliers gerus skakel by 082 330 2179 of per e-pos by projectgh@telkomsa.net.

In Memoriam

Hiermee gedenk ons oud-sendingvriende wat verlede jaar oorlede is.

Rev. Jack Selfridge [88] was van Ierland en het in die noorde van Malawi gewerk. Hy was later leraar in Lilongwe van die KMAP (CCAP)-gemeentes daar in die 1970's en weer in die 1980's.

Ds. Johan Steytler [88] het veral op Mlanda en Nkhoma in die gemeentes gewerk, en was later verbonde aan Bybelvertaling en die kweekskool op Nkhoma.

Mev. Marie Groenewald [Kirsten] [94], vrou van oom Stoffel Groenewald het as vrouewerkster gaan werk op Nkhoma, en haar man daar ontmoet waar hulle lewenslank gewerk het.

Mev. Retha van Rensburg [Carstens] [ook 90+], vrou van Carel van Rensburg [onderwyser], was ook jarelank onderwyseres in Malawi, waarvan sy baie jare op Nkhoma werksaam was.

Ds. Bertus Viljoen [77] het veral op Mlanda gewerk, maar was ook lank in die KMAP (CCAP) Harare-gemeente betrokke.

Ds. Attie Labuschagne [95] was op Mlanda, die meervlakte, Dzenza, Lilongwe en by Mema wat hy help stig het.

Mnr Koos de Kock [91] was as bouer werksaam in die sendingdiens op Nkhoma. Hy was vroeër in Nigerië en later in Botswana.

Ds. Kosie Botes [71] het sy bediening op Malingunde in Malawi begin, en was later ook predikant in Zimbabwe vir 7 jaar op Bindura waar hy verbonde was aan die KMAP (CCAP) waar hy die Christene uit Malawi bedien het.

Ds. Bertie Groenewald [80] was werksaam op Malembo, Mlanda, Lilongwe en Chongoni voordat hulle Harare toe is en CAVA daar begin het.

Willem Burger [65], seun van Theo en Dina van Chinthembwe, Malawi.

Dr. Johan K. Louw [96] het vir 40 jaar 'n groot rol in die onderwys in Malawi gespeel, veral by die Sekondêre Skool Robert Blake te Kongwe.

In Memoriam-bydraes vir die vlg uitgawe is baie welkom. E-pos dit asb aan kgakommunikasie@kaapkerk.co.za.

God se werk in Makhathini

Die baanbrekerswerk in die uitbreiding van die Koninkryk in Makhathini het vroeg in die vorige eeu onder leiding van eerw. Joubert begin. Di. Louwrens van der Westhuisen en Dalisu Kunene, ev. Joseph Gumede, die jeugwerkers Ntombincane Mhlambo en Themba Mahlangu, die bedienaar Bonginkosi Mthembu en gemeenskapswerker, Lungani Mandlakazi vorm vandag 'n hegte span en ondersteun mekaar in die vele bedieninge op die Makhathini-vlakte.

Projekte wat tans in Makhathini bestuur word, is die bloekomboomplantasie van 10 hektaar, die voedselprojek vir 180 wesies, gemeenskapstuine, hulp aan opkomende boere, 'n projek vir gestremdes en 'n vee-verbeteringskema.

Unieke uitdagings op die Makhathini-vlakte behalwe armoede, MIV/Vigs en Shembe-aanbidding, is die uitfassering van sommige van die huidige werkkragte binne die volgende 7 jaar en die identifisering en ontwikkeling van nuwe leiers om die evangelie-vaandel vorentoe te dra.

"Twee is beter as een"

Binne die Liggaam van Christus bied die sluit van vennootskappe tussen gemeentes aan ons as Christene 'n wonderlike en ruim geleentheid om as Jesus se Kerk beter te funksioneer. Dit help ons om in te sien dat daar rem- en petrolpedale in enige werkgroep of gemeente is. Die verskillende mense wat ons is, het dus eintlik komplementêre rolle. Ons verstaan die soort verskille as broodnodige diversiteit om die beste werk te lewer. Dis natuurlik ook as ons in ons verskeidenheid in liefde saamleef en saamwerk dat ons die Here se hart bly maak. Ons diversiteit as vennote hoef beslis nie tot energieverkwistende vyandigheid te lei nie. Inteendeel. Ons ervaring is juis dat ons saam die koninkryk beter dien as al die vingers van die hand saamwerk.

Die NG Kerk-gemeentes wat reeds deel uitmaak van die Makhathini-vennootskap is Vredendal-Wes, Klawer, Graafwater, Clanwilliam, Wellington-Oos, Constantia-kruin, Richardsbaai, Mosselbaai-Suid, Riversdal, Prins Albert, Danabaai, Strand-Noord, George-Bergsig, Hartenbos, Oudtshoorn-Wes, Gansbaai, Vredenburg en Stellenberg.

V.l.n.r. agter: ds. Dalisu Kunene, Themba Mahlangu en ds. Louwrens van der Westhuisen.
Voor: Ntombincane Mhlambo en ev. Joseph Gumede (wat blind is).

Ons doen hiermee 'n dringende beroep op ons VGK-gemeentes in Kaapland: "Kom, broers en susters, haak asseblief in by die Makhathini-vennootskap en word deel van die verskeidenheid wat saam Christus se koninkryk help uitbrei. Dit vra eintlik baie min. Vra gerus die Makhatini-brosjure van die KGA-kantoor aan. Woon die vennootskapsbyeenkomste by waar moontlik, en raak saam met ons opgewonde. Begin bid vir die bedieninge en vir die bedienaars daar, asook vir julle gemeente-vennote en die KGA. En gaan saam om ons broers en susters in die Makhatini te gaan bedien en saam met hulle te werk."

Donald Gantana

(KGA Makhathini, Msinga, Oos-Kaap-bestuurder)

Kontak hom gerus by 021 859 3456 of dhgantana@lando.co.za

Pollsmoor – Plek van Hoop en Herstel

"Ek het reeds dae gedink oor my verlede; nou besef ek dis verkeerde keuses. Ek is skuldig. Ek het afgedwaal."

"Ek voel die skok in my liggaam oor my misdaad. Ek het nooit gedink hoe my slagoffer voel nie. Ek moet my victim gaan face."

Die aanvaarding van verantwoordelikheid - belydenis - berou - vergifnis - regmaak - versoening: dit is waarop Herstellende Geregtigheid fokus. ***Hope Prison Ministry*** bied elke jaar vier weeklange kursusse aan, gelei deur pastoor Clayton, aan sowat 40 gevangenes op 'n slag. Hulle sit vier-vier om 'n tafel, saam met twee fasiliteerders wat uit 'n verskeidenheid van kerklike denominasies kom. Die kursusgangers word ook blootgestel aan die pyn van slagoffers, wanneer hulle dit aanhoor uit die gebroke stemme van mense wat swaar getref is deur misdaad. Andersyds word hulle bemoedig deur stories van oorwinning wat eks-gevangenes kom vertel. Die doel hiermee is om verhoudings op alle vlakke te herstel.

Een so 'n storie van versoening is oor Anton, 'n gruwelike bendeleier. Hy kan 14 moorde onthou en erken: "... my hart was soos 'n klip". Toe pastoor Clayton 'n telefoonoproep na sy vervreemde ma maak, bars die damwal toe hy hoor sy sê sy het hom steeds lief. Tydens die familiedag bely hy aan sy ma en suster hoe hy homself altyd as die magtige "man met 'n *gun*" gesien het. Nou stroom trane oor sy wange terwyl hy berou uitspreek oor al die leed en ellende, en vergifnis vra. Hy voel nou meer van 'n man as "die man met die *gun*". As hy uitkom, hoop hy om 'n seun vir sy ma en broer vir sy suster te wees en in die gemeenskap te staan vir vrede. "Ek het die manne eers gangsters gemaak; nou gee ek hulle die Woord."

Koos en Lucia Oosthuysen
Die Herstellende Geregtigheidsprojek

Kontak hulle gerus by lucia.oos@mweb.co.za of 083 460 3775 indien jy graag meer wil weet of betrokke wil raak by hierdie bediening.

Herstel en versoening

Mosambiekers sien die Lig!

Daar is baie blinde oumense in Afrika wat jaarliks gehelp word om weer te sien deur middel van die nou-reeds-bekende oogoperasies wat gereeld na Mosambiek onderneem word deur 'n groep entoesiastiese dokters en verpleegsters, waarvan sommige al afgetree is. Johan Eloff, Chris Blignaut, Matthys Labuschagne en Helen Meyer is oorgehaal om vanjaar weer in Augustus 'n Oog-uitreik te loods na Mosambiek. Volgens Pascual Cumbane van die Mobiele Kliniek op Vila Ulongue sien die mense daar alreeds baie uit na hulle koms.

By vorige geleenthede het die span die nodige instrumente geleen van Nkhoma-Hospitaal waar beide drs. Blignaut en Eloff vroeër werksaam was. Omdat dit egter nie altyd beskikbaar is nie, het hulle besluit om geld bymekaar te maak vir 'n eie mikroskoop en instrumente. Dit sal hulle in staat stel om ook op ander plekke te kan gaan help.

In die verlede, toe daar nog nie lense ingeplant is na die verwydering van katarakte nie, het die pasiënte 'n +10-bril gekry om te dra . Dit is so interessant om vandag, diep in die bosse, nog mense te kry wat op die wonderlikste maniere probeer om hulle kosbare brille reg te maak. Hulle doen dit met draad, byewas en toutjies. Om dan vir sulke mense 'n nuwe +10-bril (vanaf Nkhoma) te gee, veroorsaak onuitspreeklike vreugde. Die blydskap as hul weer 'n Bybel kan vashou en lees, is veral wonderlik om te sien.

Met brille kan daar 'n groot diens gelewer word. Die Oog-uitreikspan probeer om soveel leesbrille en brilhuisies as moontlik saam te neem. Hulle het u voorbidding en ondersteuning baie nodig, sodat hierdie uitreik nie net mense se fisiese oë nie, maar ook hul geestelike oë sal oopmaak.

Ek kan weer sien!

Indien u meer wil weet, kan u vir dr. Johan Eloff by 083 715 8682 of dr. Chris Blignaut by 082 824 0654 skakel.

God se vennootskapswerk in Msinga

In 1961 begin evangelis David Maduma die evangelie aan die inwoners van Msinga verkondig. Die evangelie brei hierna sodanig uit, dat daar tans 'n hele span werkkragte arbei. Hulle is die jeugwerker Sihle, ouderling Nene, evangelis Johnson Masibuko, di. Samuel Zuma en B.J.Sithole, en dr. Lourens Schoeman.

Belangrike projekte wat tans in Msinga aan die gang is, behels:

- Die veeldoelige opleidingsentra eThembeni 1 en 2;
- Opgeleide jongmense van die "Transformers" – *Scripture Union*, wat toegang tot die dagskole het, en
- die *Home Based Care* (HBC) wat siekes versorg.

In Msinga is daar unieke uitdagings waarmee die werkkragte gedurig te kampe het. Aspekte soos armoede en die gepaardgaande gesondheidsuitdagings, tienerswangerskappe en die gebrek aan infrastruktuur maak die bediening moeilik.

Die dienswerk in Msinga sou egter oneindig moeiliker gewees het, indien ons nie die praktiese waarde van die Bybelse waarheid aangaande vennootskappe "herontdek" het nie. Lees mens die Bybel, kom jy agter dat die Here wil hê dat ons "maats" (Luk. 5:7,10) moet hê wat ons kan help om die oes van die Koninkryk in te bring!

Die gemeentes en groepe wat alreeds as Msinga-"maats" positief op die roeping gereageer het, is die gemeentes van Bredasdorp (VGK en NGK), Suidpunt, die Paarl-ring, die VGK Zions, die Tygerberg-studente, Kuilsrivier-Suid, Villiersdorp, Drakenstein, Simondium, Hermanus en George-Bergsig.

Die NG Kerk-gemeentes in Natal wat rondom die baie groot Msinga-gemeente lê, het onlangs besluit om ook weer nouer betrokke te raak. Dit sluit die gemeentes van Danskraal, Geloftekerk Ladismith asook Dundee-Suid, Glencoe en Danhauser in. Die Diens van Barmhartigheid binne hierdie gebied word ook in onderlinge vennootskap onderneem.

In die lig van bogenoemde vennootskapswerk nooi ons graag die res van die huisgesin van God uit om by ons broers en susters in Msinga betrokke te raak en betrokke te bly. Dankie aan Hayfield-gemeente wat onlangs hierin by ons aangesluit het.

'n Jong *Transformer* gee die Woord aan.

Donald Gantana *(KGA MMO-bestuurder)*

Kontak hom gerus by 021 859 3456 of by dhgantana@lando.co.za.

Malingunde Vroueskool

Suksesvolle studies word beloon!

"Maak groter die plek vir jou net, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, want jy sal na alle kante toe uitbrei …" *Jes. 54:2.*

AnnaMarie de Klerk vertel: "Die Malingunde Vroueskool in Malawi is alreeds vir 82 jaar betrokke by die opleiding en ontwikkeling van meisies en vroue. In die kursusse word daar gefokus op aspekte soos die vrou se verhouding tot Christus, haar gesin, haar omgewing en haarself. Verlede jaar is die eerste vyf-maande-kursus vir kleuterskool-onderwyseresse aangebied — 'n aksie wat in geloof aangepak is — en die tweede kursus vir ons kleuterskool-opleiding het met ongekende seën en hoogtepunte verloop. Die Here het aan ons 'n maroon Ford Courier voorsien, ons studente doen naaldwerk op naaldwerkmasjiene uit Strand-Noord en die rekenaarklas bly toegerus met donasies wat in 2009 ontvang is. Borge vir ons studente is ook elke keer betyds bekom, sodat ons elke kursus suksesvol kon afsluit.

"Tentlyne word langer met oud-studente wat skoolhou en selfs fasiliteerders vir ons kursusse word! Tentpenne van hierdie Vroueskool word dieper ingeslaan met die klem op 'n persoonlike verhouding met Christus; vir ons studente en daarom vir die kindertjies wat begelei sal word in klasruimtes wat wissel van grasdakkerkies tot vlugteling-skuilings (wat nou diens doen as skooltjies!).

"Ons eerste werkswinkel vir die baie vrywilligers in die kleuterskole rondom Malingunde, verlede jaar, het nou 'n nuwe tentlyn styfgespan: Opleiding word nou vir hierdie toegewyde groep onderwysers beplan wat in Maart begin, waarvoor ons verlede jaar R15 000 van 'n donateur ontvang het.

"Vir hierdie seisoen, vir hierdie projek — werk die Vroueskool-span doelgerig onder die koepel van God se wyedoekvisie en Sy omvattende tent. En ons is nie bang vir hierdie uitdaging nie; Hy sal voltooi waarmee Hy hier begin het."

Ruvuma help bind Koninkrykswerk saam in Noord-Oos-Mosambiek

RUVUMA is 'n vennootskap van 'n dertigtal NG Kerkfamilie-gemeentes, meestal van die Wes-Kaap, wat oor 'n aantal jare reeds by uitreike en bedieninge in Noord-Oos-Mosambiek, hoofsaaklik binne die *Igreja Reformada* aldaar, betrokke is.

RUVUMA kan beskryf word as 'n netwerk van Christene wat kragte saamspan met die visie om 'n *WOORD-gebaseerde geloofsgemeenskap* 'n werklikheid te maak – *sodat Christus alles en in almal sal wees*. RUVUMA soek voordurend nuwe maniere om ons broers en susters in Noord-Oos-Mosambiek te help sodat hulle die lewe in volheid sal hê, en hul dankbaarheid daarvoor teenoor die Here sal uitleef.

Verskeie projekte word bedien by plekke soos:

- die volwasse geletterdheid by Milange (John en Stephanie Roux)
- die Woord-skool by Gurue (Allen en Ansie van der Merwe)
- kerkplanting by Muapula (Frits en Nickey van der Merwe)
- evangelisering van die Makwes by Quionga (André en Annamarie Thiart)
- verskeie gemeenskapsprojekte by Nacala (Kotie en Rina Smit)
- verhoudingsbou onder die Moslems by Namau (Johan en Enna Dames)
- die radiostasie op Chiconono (Normand en Henriëtte Saindon)
- die landbou op Manganje (Johan en Annette Uys)
- evangelisasie by Milange (Kobus en Nana Eksteen)

Daar is ook nog mediese-, geletterdheid- en onderwysprojekte. Besoek gerus Ruvuma se webtuiste by **www.ruvuma.org.**

Die Ruvuma-bestuur het goeie verhoudinge met die leiers van die IRM in die Tumbine-sinode oor die jare opgebou en besoek hulle gereeld. Danie Murray, 'n voormalige sendeling van Milange, poog om binne die vennootskap met sy *Handevat-projek* verhoudinge te bou tussen gemeentes daar en gemeentes hier in die Wes-Kaap. Hy is ook aktief betrokke by leierskapsontwikkeling van leraars en die ondersteuning van sendelinge.

Die jaarlikse saamtrek was hierdie jaar in Februarie op Bettiesbaai waar die onderlinge verhoudinge binne die vennootskap weer versterk is. Die KGA is aktief by die bevordering van die Ruvuma-vennootskap en ander soortgelyke vennootskappe in die Zimbabwe- Malawi- en Mosambiek-streke betrokke.

Take a GAP in Afrika

A GAP year lately became a very popular option amongst the youth in South Africa after completing grade 12.

By the end of last year Bertus Marais of Wellington decided to assist with teaching at Nkhoma in Malawi as part of his GAP year. He started in January this year and will stay there until April. Within a few days after his arrival he was appointed as a voluntary Math and Physical Science teacher for the Form 1's of the secondary school.

He believes that he can make a difference in the lives of these children, and uses the time to get to know God's will for his future.

There are plenty of opportunities for young people to come and make a difference in various fields as a volunteer in their GAP year.

Contact Kobus Odendaal at missio@kaapkerk.co.za if interested.

Bertus Marais in Malawi

Die Woord het die laaste sê

Henry Murray skryf vanuit Zimbabwe:

"In Februarie elke jaar vergader die werkers van die Reformed Church in Zimbabwe – dan word daar vir 'n dag lank saamgesels oor alles wat die lewens en werk van die kerk se leraars, evangeliste, jeugwerkers en lekepredikers raak.

"Toe die meer as 80 mense verlede week uit alle hoeke van Zimbabwe op Masvingo aankom, was die Ezra Shumba-saaltjie in die sinodale sentrum veels te klein vir ons almal. Want sien, eintlik het die *Zimbabwe Council of Churches* vir ons verlede jaar belowe om die fondse te voorsien vir vanjaar se byeenkoms, en dit nogal in die deftige Jameson-hotel in Harare! Maar, soos ons in Zimbabwe al gewoond is, was dit maar weer die tekort aan fondse wat die geleentheid gekelder het, en het die ZCC twee weke voor die tyd laat weet 'Jammer, ons het gekanselleer, ons het nie genoeg geld nie.'

"Toe ek dit hoor, het dit my aan die dink gesit oor die verhouding tussen die konteks en die Teks. Ek bedoel: hoe bring ons as gelowiges ons leefwêreld, ons konteks, in 'n verband met die Woord – die Teks? En dit het my laat uitsien na wat daardie dag op die tafel gesit gaan word. Waaroor praat die Here se diensknegte en diensmaagde wanneer hulle dit oor hulleself en hulle persoonlike belange en prioriteite het? Watter stukke swaarkry, watter verlangens en behoeftes gaan vandag verwoord word? Met ander woorde: watter prentjie gaan die werkers van die RCZ vandag van hulleself skilder?

"Die voorsitter het skaars die opening afgehandel en die agenda oopgestel, of 'n stortvloed van sake word voorgestel vir bespreking. Salarisse, pensioene, begrafnis-voordele, mediese voordele in die kerk se eie twee hospitale, skoolkostes vir kinders in ons kerk se eie skole, gebrekkige kommunikasie tussen die sinodale strukture en kerkrade en so meer.

"Gou het dit deurgeskemer dat die konteks waarin ons vandag in Zimbabwe lewe, groei en vooruitgang bemoeilik – op persoonlike sowel as op gemeentelike vlak. Heel gou, en gereformeerd! – kom die vraag na vore: maar wat is dit wat die Woord hieroor sê? Hoe het die kerk in die eeue wat verby is, sulke uitdagings die hoof gebied? Hoe maak ons as die Jameson van ons ideale hemelsbreed verskil met die Jameson waarin ons woon en werk – met salaris soms maande agterstallig – en tussen mense wat nog veel swaarder kry as onsself?

"Aan die einde van die dag het hierdie mooi en toegewyde groep mense mekaar aangemoedig om vas te byt, aan te gaan met die wedloop, op te kyk na die Begin en Voleinder van ons geloof en dit as 'n voorreg te sien dat Hy ons waardig ag om in Sy diens te staan in die gemeentes van die RCZ.

"As die verhouding tussen Teks en konteks, Woord en leefwêreld nie duidelik was nie, nie weer afgestof was nie, sou ons 80-stuks sonder visie en moed teruggegaan het na ons werkplekke. Die prentjie wat ek op daardie warm somersdag in ons eie 'Jameson' gesien het, was mooi, was sterk, het my moed gegee vir die pad wat vir ons in Zimbabwe voorlê. Want die Woord het die laaste sê gehad."

Teologiese studente op gemeentebesoek saam met Henry Murray (links).

Senior jukgenote bid jaarliks saam by Agter-Paarl

"Dis 'n jaarlikse ding dié – ons senior jukgenote se samekoms by die NG Kerk Agter-Paarl op 'n Saterdag in Januarie," sê Attie van Wijk. "Dan is die meeste uitgestuurdes in diens van ons susterkerke in die buiteland nog hier rond. Die meeste van ons is dan ook al terug van vakansie, die KGA se kantoor is oop en al gaan daar nog nie juis veel aan in die jaar nie, het ons natuurlik heerlike waatlemoen en soet druiwe!"

Attie en sy helpers sorg elke jaar dat ons gesellig saamkuier by die NG Kerk Agter-Paarl. Ons wy gewoonlik die eerste twee uur aan die jongste nuus, ruil inligting met mekaar uit en gedenk ons jukgenote wat ons in die jaar reeds "vooruit is".

Dié slag, kompleet met foto's en verhale, het John Roux en Danie Murray oor die werk saam met die IRM in Mosambiek gesels, Bennie Fourie en Louise Koch het vertel van Wes- en Oos-Kaap-gemeentes se sterk vennootskap met die VGK Zithulele, Hennie van Deventer het oor die werk saam met die KMAP in Malawi berig, en Johan Botha het 'n oorsig gegee oor die KGA se wyer betrokkenheid in en buite Afrika.

"En toe", so sluit Attie af, "het die kort by 80 van ons, wat vroeër self gehelp het om die Here se liefde en genade in en buite Afrika te help versprei, en wat steeds baie geïnteresseerd bly in die mense en die plekke wat ons daar liefgekry het, soos gewoonlik voor middagete saam tot die Here van die oes om die uitbreiding van sy koninkryk gebid."

Gebedsgroepie vir Nigerië

'n Hartlike dank aan alle medewerkers met die samestelling van hierdie uitgawe. Ons volgende uitgawe verskyn DV teen Oktober hierdie jaar.
Ook 'n spesiale dankie aan al ons getroue donateurs sonder wie al hierdie getuienisaksies onmoontlik is.

Die KGA kan gekontak word by
021 957 7204 P/sak X8, Bellville 7535
kgakommunikasie@kaapkerk.co.za

DESIGN A PRINT 021 975 9648